



KLERKSDORP RADIO FLYERS

NOORDWES-KAMPIOENSKAPPE

12 FEBRUARIE 2015

**“MET GROOT
AFWAGTING IS DAAR
UITGESIEN NA DIE 2015
NOORD WES, WANT
DIT IS DIE EERSTE
PROVINSIALE KOMP
VIR DIE JAAR ”**

Die manne is gewoonlik vuur en vlam, maar daar is 'n ondertoon van negatieweiteit te bespeur, nie iets definitief nie, maar tog. Die inskrywings is stadig, maar ons hoop nog. Toe kom die aankondiging, die Noord Wes se status verander, dit gaan die finale been wees vir die kies van die span. Weer is daar hoop dat daar meer belangstelling gaan wees, maar o wee, net agt inskrywings, die laagste ooit.

Saterdag breek aan met die mooiste vlieg weer, amper te goed om waar te wees, heeltemal in kontras met wat ons altyd kry, maar soos dit gewoonlik gaan, is alles nie perfek nie. Ons kry die nuus van arme CCB, sy tuig (soos Andre altyd sê) het neer gedaal in 'n onvliegware vorm, ai ons is jammer vriend. En soos die geluk dit wou hê was daar nie een arend in sig nie, maar dit het



MATTHYS BOTHA (TM)

KLERKSDORP RADIO FLYERS

NOORDWES-KAMPIOENSKAPPE

12 FEBRUARIE 2015

WENNERS



NICO ERASMUS ADVANCED CLASS CHAMPION



FREDDIE KOTZE 2ND PLACE MASTERS CLASS



MASTER CLASS CHAMPION MICHEAL SACKA



CALVIN SCHROLL 3 PLACE F3A



ROSTON DUGMORE 2ND F3A CLASS



ANDRE STOCKWELL F3A CHAMPION

2015 sa team



KLERKSDORP RADIO FLYERS

NOORDWES-KAMPIOENSKAPPE

12 FEBRUARIE 2015

het neer gedaal in 'n onvliegbare vorm, ai ons is jammer vriend. En soos die geluk dit wou hê was daar nie een arend in sig nie, maar dit het nie vir Mathys afgeskrik nie, hy gooi toe sommer sy ou tuigie op die skaal neer, want dit kan nie vlieg as dit nie gespoeg en geplak is nie! Wel hy het goed gespoeg en plak want hy het nie te vrot gevlieg nie.

In die Advanced klas was die stryd hewig tussen Nico, Nico en Nico met Nico wat naalskraap gewen het.

In Masters was die stryd tussen Michael en Freddie met Michael wat hier gewen het, ek dink die drie vrouens saam met Freddie was te veel vir hom.

Die F3A manne was die regte stryd, en die spanning was duidelik sigbaar, maar soos gewoonlik was hulle die heel tyd baie professioneel, en het het in 'n baie mooi gees teen mekaar deelgeneem. Andre was toe aan die einde eerste, Roston tweede, Calvin derde en Mathys vierde.

Soos gewoonlik was ons groot menere Chris, Bob, Ivan en Sebastiano weer aan die stuur, en sake is fyn dopgehou, miskien partykeer te fyn, mens kan nie eers 'n ou klein foutjie maak nie, hulle sien alles raak. Baas Daan was weer soos die gewoonte is, die Kompakskyf en het gesorg dat alles glad verloop het.

Die manne, en vrou, van KRF was weer op hulle stukke en het gesorg vir die lekkerste burgers ooit, welgedaan manne!


Die aand, na die spanning en prys uitdeling van die mooiste trofees (gemaak deur Sebastiano en Ian

van KRF) het ons lekker gebraai en ontspan net soos Pattern ouens maar kan.

'n Kantlyn aantekening, die pilots wat nog nooit by KRF was nie mis uit op die beste geriewe ooit, hier is krag, water en kamp geriewe met ablusie geriewe met warm storte vir alby geslagte wat 'n vakansie oord sal skaam maak.

Tot volgende keer.

2015 sa team



CALVIN



ROSTON



ANDRÉ

RESULTS SHEET

| | 1 | 2 | 3 | 4 | FINAL | | |
|-----------------|------------|------------|------------|------------|-------|------|---|
| ADVANCED | | | | | | | |
| Nico | 50.44/1000 | 57.70/1000 | 55.33/1000 | 60.74/1000 | 57.93 | 3000 | 1 |
| MASTERS | | | | | | | |
| Michael | 62.56/1000 | 62.28/1000 | 60.00/991 | 61.61/981 | 62.15 | 2991 | 1 |
| Freddie | 61.61/985 | 58.22/935 | 60.56/1000 | 62.78/1000 | 61.65 | 2985 | 2 |
| F3A | | | | | | | |
| Matthys | 60.52/794 | 62.28/813 | 48.52/663 | 51.33/706 | 58.06 | 2313 | 4 |
| Andre | 76.28/1000 | 76.56/1000 | 73.24/1000 | 72.71/1000 | 75.36 | 3000 | 1 |
| Roston | 73.17/959 | 74.39/972 | 70.00/956 | 41.38/569 | 72.52 | 2887 | 2 |
| Calvin | 71.67/940 | 73.17/956 | 70.05/956 | 70.33/967 | 71.72 | 2879 | 3 |